

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA  
Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

*JOHANNES 19:19, 20*

*Jesus, die Nasarener, die Koning  
van die Jode.*

*Die woorde word geskrywe  
in Hebreeus, Grieks en Latyn.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.

## **OPSKRIF BOKANT DIE KRUIS**

Bokant die kruis lees ons die woorde: Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode. Dié woorde word geskrywe in Hebreeus, Grieks en Latyn (Johannes 19:19, 20).

**Hebreeus** was die taal van die ware godsdiens. Al die ander tale het die lof van die afgode besing, maar die Hebreeuse taal is deur God voorbeskik om Sy lof te verkondig. In dié taal is dwarsdeur die eeue van die Messias gepraat. Dat God die opskrif in Hebreeus bo die kruis laat plaas, is om te sê: Jesus is Koning in die wêreld van die godsdiens. Die Christendom is die enigste, ware godsdiens omdat dit Jesus Christus as gekruisigde Koning bely.

**Grieks** was die taal van die wêreldkultuur. In dié taal is die skoonste liedere van die wêreld gesing, het die grootste wysgere hulle denke vergestalt. Grieks was die wêreldtaal van beskawing, kuns en wetenskap.

Dat God die opskrif in Grieks laat skryf, is om te sê: Jesus het Sy kosbare bloed gestort om die wetenskap, kuns en filosofie uit die mag van die duiwel te bevry. Daarom móét die wetenskap die beginsels van Gods Woord erken. Daarom bestaan daar geen "kuns ter wille van kuns" nie, maar elke kunsvorm moet God verheerlik.

**Latyn** was die taal van die wet, politiek en staatkunde. Die Romeinse volk het oor die grootste deel van die destydse wêreld geheers. Die Romeinse regspraak word tot vandag toe nog hoog geag. Dat God die opskrif in Latyn laat skryf het, is om te sê: Jesus is Koning van alle volke en nasies. Sy Wet is bo alle wette.

### **WAT HET HULLE VAN DIE OPSKRIF GEDINK?**

Wat het die mense by die kruis van dié opskrif gedink?

Hulle wat die opskrif in Hebreeus gelees het — die owerpriesters — was bitter verontwaardig oor die opskrif: Koning van die Jode en dan nog uit die veragte Nasaret! Wat gaan die wêreld van hulle dink wat uit Abraham gebore is! Vererg haas hulle hulle na Pilatus. Moenie skrywe: Koning van die Jode nie, maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode.

Maar Pilatus bly onversetlik: wat ek geskrywe het, het ek geskrywe.

Hulle wat die opskrif in Grieks gelees het — wat het hulle daarvan gedink? Paulus gee die antwoord: vir hulle was die gekruisigde Christus 'n dwaasheid (1 Kor. 1:23). Die Grieke het 'n Sokrates bewonder wat moedig die gifbeker gedrink het, maar 'n Koning aan 'n kruishout was vir hulle dwaasheid.

Die Romeine, wat die opskrif in Latyn gelees het, het die gekruisigde Jesus diep verag. Die skitterglans van keiser Tiberius het die glans van die Koning van die Jode ver oorskadu.

### **TOG EEN WAT DIE OPSKRIF REG GELEES HET.**

En tog was daar een persoon wat dié opskrif reg gelees het. Dit was die rower aan die kruis. Aanvanklik het hy ook gespot, maar by nadering van die dood het sy gebroke oë op die opskrif geval en deur die geloof die koningskap van dié Man met die doringkroon bely.

"Dink aan my, Here, as U in u koninkryk kom". Hy vra nie brood wat vir die kinders gegee word nie — slegs om die krummels wat van die tafel vir die hondjies afval. Hy vra maar net vir 'n flitsende gedagte van hierdie Koning. Ja, dié versoek is die uitdrukking van 'n gebroke

hart en 'n verslae gees. Daarom ontvang hy die troosvolle woord: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees".

Salig is u as u nie aanstoot aan die opskrif neem nie, maar deur die geloof in Hebreeus, Grieks en Latyn bely: Jesus is my koning!

**Chris J. Malan**

## HOOP EN WANHOOP

Miskien het jy ook al met die vrae geworstel:

- Waarom is dit so dat sommige mense so spottend van God praat?
- Waarom is dit so dat ander so losbandig, so ligsinnig en so rigtingloos lewe?
- Waarom is dit so dat 'n groot aantal mense so passief, so slap, so kleurloos teenoor die Christelike godsdiens staan?
- Waarom moet mense met mooi praat kerk toe gebring word en met mooi praat in die kerk gehou word?

Miskien is jy dalk een van hulle... dan móét jy verder lees.

Een van die antwoorde op die gestelde vrae is, omdat sulke mense nie glo en nie uitsien na 'n lewe na hierdie lewe nie. Omdat die dood vir daardie mens "'n bly lê vir altyd is" . Hy glo nie in die opstanding van Christus wat die engel uit die dood geruk het en van die dood 'n ewige opstaan gemaak het nie.

Die geloof in die opstanding van Christus is dus bepalend vir jou lewe. Dit het beheersende betekenis vir jou lewe vandag.

### 'N LEWE VAN WANHOOP

Die apostel Paulus sê in 1 Korinthiërs 15:32:

"As die dode nie opgewek word nie, laat ons eet en drink, want more sterf ons!"

Sonder die geloof in die opstanding uit die dood is die lewe sonder hoop en sonder uitsig. Dan is jou lewensfilosofie:

Lewe voluit om alles te geniet — soos 'n vraat, want die lewe kom net eenmaal.  
Doen wat jy graag wil doen en maak gou.  
Geniet die lewe sonder beperkings.  
Met die dood is alles tog verby.

Waarom sal ek God nog dien?  
Waarom sal ek nog aan 'n kerk behoort?  
Waarom sal ek nog moeite doen om my Bybel te lees?  
Waarom sal ek nog bid?

Vergeet gister — dit was 'n mislukking.  
Vergeet môre — daarin lê die kiem van die dood.

Die lewe is een stuk wanhoop. Lewe maar net so dat jou nageslag hulle nie vir jou hoef te skaam nie.

### 'N LEWE VAN HOOP

Jy hoef nie saam met die ander oor die wanhoop van die lewe te sug nie. Die lewe van die Christen is 'n lewe van hoop, want Christus het die dood oorwin. Hy het opgestaan en Hy lewe as die Koning van sy kerk en die wêreld. Weet jy?

God wil jou nie oorgee aan die dood nie.  
Hy sal nooit toelaat dat sy kind  
verderwing sien in donker doodsvalleie.

Hy buig jou pad op langs skone heuwelrye  
na 'n Vaderhuis waar baie wonings is.

Daarom kan 'n Christen hoop, want die opstanding van Christus het die punt van die dood na die slotparagraaf van sy lewe in 'n uitroepteken verander. Hy het van die "verby" met die dood 'n ewige "begin" gemaak.

Die Christelike hoop maak jou lewe so anders. Jou lewe kry weer sin, want alles wat jy doen eggo voort tot in ewigheid. Daarom moet jy standvastig en onbeweeglik getrou lewe en jou lewe kan oorvloedig van mooi dinge wees, omdat jy glo alles is nie tevergeefs nie. (1 Kor. 15:58).

Die Christelike hoop maak jou lewenskoers en lewensprioriteite so anders. Jy staar jou nie meer blind teen die tydelike, aardse dinge nie, maar jy soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. (Kolossense 3:1).

Dit is die krag en betekenis van die oop graf van Christus. Daar is vir die Christen:

'n lewe met sin en betekenis;  
'n oorwinning oor die wanhoop van die lewe;  
'n graf wat 'n wiegbed van die ewige lewe is...  
ook vir jou as jy glo!

Kobus van der Walt

U sal my siel nie oorgee in die dood,  
my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot  
verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreug en volle vrede,  
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Psalm 16:5

## HEMELVAART - AFSTAND MAAR GEEN AFSKEID NIE

Beteken die hemelvaart van Jesus Christus werklik iets vir ons? Dat Jesus opgevaar het na die hemel, voel vir ons gewoonlik so onwerklik, so ver weg.

Tog, as Jesus Christus werklik vir ons iets beteken, **sal** sy hemelvaart ook vir ons iets beteken, baie beteken. Wie goed na Jesus se hemelvaart kyk, sal dan sien dat dit **wel afstand** beteken, maar **geen afskeid** is nie. Eenmaal sal Hy weer kom, om Homself weer met al sy dissipels te verenig. Hy sê dit self in Sy Woord.

Daarom het Jesus reeds vóór sy hemelvaart moeite gedoen om sy dissipels reg voor te berei op sy hemelvaart, het Hy ook vir Maria gesê dat Hy op 'n afstand gaan van hulle af: **"Ek vaar op na My Vader en julle Vader"**. (Johannes 20:17) **Hy vaar op na die hemel, hulle bly agter op die aarde.**

### AFSTAND EN ONS GELOOF

**Ja, daar het 'n afstand gekom tussen Hom en ons** — Hy is bo by die Vader; ons moet nog worstel op die sondige aarde om die weg af te lê na die hemel. **Dié afstand stel aan ons geloof swaar eise!** Al sien ons nie die Here Jesus nie, moet ons nogtans **glo** dat hy in die Hemel vir ons ten goede is.

In sy weggaan van sy dissipels af open Jesus egter die weg waarlangs Hy hulle en ons op sy tyd weer tot Hom kan neem.

Die weggaan van Jesus is dus in werklikheid geen skeiding vir sy volgelinge nie. **Jesus neem in sy hemelvaart geen afskeid van sy volk nie.** Hy bly ook vanuit die hemel in 'n lewende verband met sy ware dissipels staan — **hy behou die kontakte.** Want Jesus sê ook vir Maria daar by sy geopende graf: "... maar gaan na my broeders" (Joh. 20:17). Voor sy dood het Hy sy dissipels reeds sy "vriende" genoem; na sy opstanding hulle sy "broeders". **'n Broederband bind hulle vir ewig saam.**

Ja, dit is die twee dinge wat Jesus aan sy dissipels laat boodskap: die betuiging van sy blywende gemeenskap met hulle, deur hulle sy broeders te noem; en as Hy sy hemelvaart aankondig, die berig dat Hy besig is om op 'n afstand van hulle te gaan staan,.

**So mag hulle en ons weet dat Jesus se hemelvaart wel afstand beteken, sonder om afskeid te beteken.** Juis as Hy wil opvaar na die hemel, noem Hy sy dissipels sy "broeders". **Sterker as vroeër is nou die besef van samehorigheid, van die broederband.** Ja, hulle en ons as gelowiges, is sy broeders.

As ons dit verstaan, kan ons deur die geloof ook Jesus se hemelvaart aanvaar.

### NIE 'N TREURLIED NIE

Die hemelvaart van ons Here en Broeder is dan nie meer oorsaak van 'n treurlied nie, maar 'n bewys van die hegte, intiemste broederband, wat selfs oor sulke afstande nie verbreek kan word nie.

**Elke broederband wys heen na 'n gemeenskaplike Vader.** Ons as broeders is in die hemelse Vader ook deur Christus saamverbind. Al is daar so 'n groot verskil tussen Christus, die ware Seun, en ons, **tog het ons één Vader.**

**In die Koninkryk van God kan dus nie afskeid geneem word nie.** Niks kan die broeders

meer skei van hul één God en Vader nie. **Die Vader is in die hemel, by sy Seun wat opgevaar het, en by ons as broeders op die aarde.**

**Die afstand sal dus net tydelik wees.**

Jesus se hemelvaart is maar net oorgang na 'n permanente hereniging eendag, wanneer alle broeders en susters weer sal saamwoon in die huis van hulle Vader, en die afstand tussen hemel en aarde sal wegval.

**KYK, EK KOM GOU**

**Jesus Christus verlang na daardie dag** om met sy volk herenig te word. Daarom het Hy ook die **ander woord** laat hoor in sy "Openbaring" aan Johannes: "**Kyk, Ek kom gou!**" Dit beteken: Hy is reeds al weer besig om te kom.

**Verlang ons ook na daardie dag?** Meer nog — is jy en ek gereed vir daardie dag, om Jesus te ontmoet as ons Broeder, maar ook as Regter?

**Ondersoek jouself:** is jy 'n **broeder** van die Here wat saam met Hom **Vader** kan sê tot die God van hemel en aarde?

Net sy broeders alleen het die troos, dat sy hemelvaart geen afskeid was nie, maar net die **eerste stap op die weg van sy wederkoms, van die hereniging.**

Hy het voorgegaan, maar ons nie losgelaat nie, sodat Hy sy broeders tot Hom kan neem. Die afstand was nodig om ons ontwil.

Nou weet ons – Hy kom weer.

Hy's ons Broeder.

**PJS de Klerk.**

Gods eng'lemagte bo die swerk  
het, tien- en tienmaal duisend sterk,  
slagvaardig uitgeswewe;  
by hulle is sy majesteit  
'n Sinai in heiligheid,  
deur bliksemlik omgewe.  
U het omhoog gevaar vol eer;  
die kerker was u buit, o HEER,  
en gawes u beloning  
wat neerdaal op die mensekind;  
selfs wie opstandig is dié vind  
by U o HEER, 'n woning.

- Psalm 68:8

## HET JY DIE HEILIGE GEES ONTVANG?

NEE, ek het nie, en wat daarvan? Buitendien kan ek daar niks aan doen nie. Ek kan nie help as die Gees my nie gryp en van my 'n nuwe mens maak nie. Hy kan gerus kom as Hy wil, maar ek kan daar niks aan doen nie...

### **Gelukkig soos ek is**

Intussen is jy 'n gelukkige en tevrede mens soos jy is. Jou gewete is nie al te eng nie. Jy neem wat die lewe bied. Jy gun andere ook 'n bietjie plesier en nou ja — dit is lekker om te leef. Veral in ons permissiewe tyd is dit lekker. Die wêreld is nie meer so bekrompe soos in die ou dae nie. 'n Man kan jou dae en veral jou aande geniet.

Daar is natuurlik allerlei ander moontlikhede. 'n Man staan in die besigheid en in besigheid betaal dit nou eenmaal nie om al te eng te wees nie. Besigheid is besigheid. Wat verwag jy meer van my? Ek drink nie, ek dans nie en ek dobbel nie. Ek doen geen vlieg kwaad aan nie. Ek leef my eie lewe en pla niemand nie.

Die een refrein in al dié voorbeelde is maar net dit: Ek is tevrede soos ek is en sien geen nodigheid om te verander nie. Een geleerde jong vriend het onomwonde aan my gesê: "Ek sien nie kans om die verantwoordelikheid op my te neem nie. Ek is gelukkig soos ek is..."

### **Ek wil nie verander nie**

Dit is wel vreemd dat mense onder die omstandighede hulle verantwoordelikheid op die Heilige Gees werp. So in die trant: "Hy kan kom as Hy wil, maar ek kan daar tog niks aan doen as Hy nie kom nie". Gewoonlik voeg só 'n mens nie by:: "Hy kan gerus ook maar wegbly, want ek wil graag bly soos ek is". Dit is eintlik die geheim. "Ek is tevrede en gelukkig en my sondige lewe is lekker, daarom wil ek in werklikheid die Heilige Gees nie naby my hê nie."

### **Werkwyse van die Gees**

Wat kan ek vir u sê? Gelukkig vir ons al twee weet ek ook iets van die werkwyse van die Gees. Ek weet dat Hy werk met die Bybel. Paulus noem die Woord van God die swaard van die Heilige Gees. En Hy rig sy swaard teen jou en my en Hy sê vir ons: "Bekeer jou... Glo in die Here Jesus en jy sal gered word. Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee. Hy wat in my glo, het die ewige lewe".

### **Ernstig**

En ek weet nog meer as dit. Ek weet dat die Heilige Gees dit ernstig bedoel wanneer Hy — ook nou in die woorde — met jou praat. Hy wil hê dat jy moet hoor en kom en ingaan in die koninkryk van God. Waarom wag jy dan nog vir Hom? Hy is besig met jou en wag al lankal op jou. As jy sy stem vandag hoor, verhard jou hart nie.

Kyk of u uself in die volgende uitspraak herken: "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie..."

"Kyk Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My..."

Waarom talm u nog? Is dit u rykdomme — stoflik en geestelik en liggaamlik wat u vashou?

**M.J. Booyens**

" 'k Gee my Heilige Gees aan julle,  
wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë  
en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën  
deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle,  
jul 'n volk sal wees vir My."

(Skrifberyming 14:2; Esegïel 36:25-28)

## **ELKE OOG SAL HOM SIEN**

Alles is verby.' Die einde van hierdie verhaal is bereik. Jesus is verraai, Hy is gevange geneem, die verhoor wat soveel belangstelling gaande gemaak het, is afgeloop. Hy is skuldig bevind en tereggestel.

Die apostel Johannes het alles meegemaak en nou talm hy hier by die kruis. Jesus is dood — daarvan is hy baie seker. Een van die soldate het so pas 'n spies in Sy sy gestee en bloed en water het uit die wond gestroom.

Johannes was ooggetuie van die gruwelikste moord van alle tye wat hier plaasgevind het. Die seun van God is tereggestel — gekruisig! Maar, sê Johannes, al lyk alles op die oog af klaar en afgehandel — die kruis is beslis nie die laaste wat ons van hierdie Jesus sal hoor nie.

Nee, elke oog sal Hom sien.

## **SY KOMS IN HEERLIKHEID**

Hy sal weer kom in heerlijkheid! Dis onsinnig en heeltetal onmoontlik, sê ons. Dood is dood. Gedane sake het geen keer nie — wat verby is, is verby. Dis ook goed so. Wie wil nou weer herinner word aan verkeerde dinge wat jy gedoen het? Die vermoordes moet in hulle graf bly. Die dooies moet bly swyg.

Maar hierdie dooie is die uitsondering. Van Hom staan daar geskrywe: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf."

Elke oog  
Niemand word uitgesonder. Almal sal sien.  
Die wat Hom gekruisig het.  
Die spotters deur al die eeue.  
Die wat Hom afgemaak het as fiksie.  
Die wat Hom verlaat het omdat hulle hierdie wêreld liefgekry het.  
Niemand sal ontkom nie.

## **DIE BOEKE WORD GEOPEN**

Skielik sal Hy daar staan en dan word die boeke geopen. Ook die boeke van ons gewete, van ons binneste. Dan sal niemand meer kan sê: ek het geen tyd nie, of Hy interesseer my nie, of ek het geen behoefte aan Hom nie.

Geen uitvlug.  
Geen verskoning.  
Elke oog sal Hom sien — ook u oë en my oë.  
Hy sal in die lewe van elke mens verskyn.  
Verskriklike gedagte!  
Hier eindig die kruisverhaal gelukkig nie.  
Daar is 'n tussentyd.  
'n Tyd tussen die kruisinging en die dag van die groot konfrontasie.

## **GENADETYD**

Ons lewe in daardie tyd — genadetyd! Die Christus wat gely het en gekruisig is, laat ons in

hierdie tyd nie los nie. Hy het opgestaan en na die hemel gegaan. Hy het die graf verlaat en teruggekeer na Sy Vader.

En Hy is voortdurend besig — met die wêreld en met elkeen van ons. Hy soek verlore mense op en vernuwe hulle lewe. Hy verander ons opstand in diensbaarheid. Hy verander die gesindheid van haat en onversoenbaarheid wat in ons woon, na die gees van liefde en blydschap en vrede.

Hy verander ons spot in aanbidding. Hy wil ons lewe red uit die moeras van sonde en vertwyfeling. Ons probeer ons bes om van Hom af weg te kom, maar Hy haal ons in en neem ons in Sy Vaderarms. Ons dink ons kan sonder Hom klaarkom in hierdie wêreld, maar Hy is besig om ons deur Sy Gees te oortuig dat ons niks kan doen sonder Hom nie.

Elke oog sal Hom eenmaal sien as Hy kom. Maar elke oog kan Hom vandag al sien.

Hy is naby u.

Hy buig Hom in liefde na u toe.

Hy spreek vandag tot u.

Hy nooi u uit: My seun, my dogter, gee My jou hart.

U mag opstaan en vir Hom lewe — dan sal u ook tot in ewigheid met Hom lewe.

**N.G. Laubscher**

## **BID, EN VIR JULLE SAL GEGEE WORD**

Die gebed is een van die grootste genadegawes wat God aan die gevalle mens gegee het. Dink maar net hoe rampsalig sou u en ek nie gewees het as God sou gesê het: Moenie tot My roep nie — Ek sal julle nie verhoor nie! Daarom dank ons God dat ons nie net mag bid nie — maar dat die Here Jesus ons **aanspoor** om te bid: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word." (Mattheus 7:7)

### **NIE YDELE HERHALING NIE**

As Jesus hierdie drie woorde gebruik om die gebed vir ons te beklemtoon: bid, soek, klop, is dit nie maar 'n ydele herhaling van woorde nie maar 'n opklim van woorde.

As ons behoefte aan iets voel: vrede, geloofsversterking of rus, — dan bid ons tot die Here, net soos 'n kind na vader of moeder toe gaan. Dit is bid in die gewone sin van die woord. Gewoonlik word die gebed spoedig verhoor en dan voel ons beter.

Dit gebeur dikwels dat die Here nie dadelik gee wat ons so vurig van Hom begeer nie. Dan gaan ons meermale oor die saak bid. Ons gebed word nou 'n SOEK.

Ons soek na die vrede met God wat ons verloor het, net soos die vrou in die gelykenis die verlore penning gesoek het. maar dit kan ook gebeur dat ons nog nie rus en vrede vind nie. Dan word ons gebed nog ernstiger. Dan word dit 'n benoude aanklop aan die deur van die hemel — 'n KLOP wat al harder word namate die nood van ons siel toeneem.

### **MOET NIE OPHOU OM TE BID NIE**

Ons kry baie voorbeelde van hierdie drie fases van die gebed in die Bybel: In Ps. 55 sê Dawid dat hy saans en smôrens en smiddags bid — dit is die gewone gebed. Maar die gebed van dieselfde Dawid word 'n soeke na die Here as die engel Jerusalem wil verwoes omdat Dawid gesondig het deur die volk te tel. (1 Kron. 21:16). As u 'n mooi voorbeeld wil hê van iemand wie se gebed 'n klop geword het — dink aan Jakob wat met die Here by Pniël worstel: "Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën."

Daarom: as die Here u gebed nie verhoor nie, moet tog nie die vlerke van die gebed toevou en ophou om te bid nie. Dan stort u op die aarde te pletter soos 'n voël wat sy vlerke nie meer wil gebruik nie. Nee, u moet die gebedsintensiteit openbaar waarvan die Here Jesus hier praat. U bid moet 'n soek en u soek moet 'n klop word. Bly met die sterk vlerke van die arend biddend sweef totdat u gebed ingang vind in die paleis van ons ewige Koning.

### **TOG 'N PROBLEEM**

Weet u, die woorde van onse Here Jesus: "Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word", stel ons voor 'n groot probleem. Ons bid soms so lank en so innig en tog... gee die Here nie wat ons vra nie. Beteken die woorde van Jesus dat daar geen onverhoorde gebede is nie?

Wat dan van 'n Moses wat gebid het om die beloofde land binne te gaan — en die Here het gesê: Dis nou genoeg. Moenie nog verder met My oor hierdie saak spreek nie? (Deut3:26)

Wat dan van 'n Paulus wat drie keer gebid het dat die doring uit sy vlees verwyder moet word — en die Here het gesê: Nee, my genade is vir jou genoeg? (2 Kor. 12:9).

Dit is juis die kritiek wat baie op die gebed het. Hulle sê: ons bid maar die Here hoor nie!

Wat help dit om te bid?

## **GEBED EN KONINKRYK VAN DIE HEMELE**

As ons 'n antwoord op ons vrae wil hê, moet ons eers kyk in watter verband hierdie woorde voorkom. Hierdie woorde kom in die Bergrede voor. Die bergrede is die grondwet van die koninkryk van die hemele. In die bergrede kondig Jesus aan wat God se wil is in die koninkryk van die hemele.

As Jesus dus sê: "Bid, en vir julle sal gegee word," dan bedoel Jesus nie dat ek maar sommer vir enige 'bakatel' kan bid en dan verwag die Here moet my verhoor nie. Nee, Jesus bedoel: as ek vurig bid om God se wil te verstaan in die koninkryk van die hemele, as ek bid om die goeie gawes van die Koninkryk, dan sal God sekerlik vir my gee. As u gebed dus nie verhoor word nie, vra vir uself af of u gebed tot heil vir die koninkryk van die hemele strek.

## **GEBED EN WIL VAN GOD**

In die tweede plek wil ek hê u moet oplet dat Jesus sê: "Bid en vir julle sal gegee word." Daar staan nie 'n voorwerp by nie. Jesus sê nie dat jy spesifiek alles sal ontvang wat jy in die gebed vra nie, maar Jesus stel in die algemeen: "bid, en vir julle sal gegee word". Wat sal aan die bidder gegee word? — dit wat God goed ag. In Matt. 7:11 word gepraat van, goeie gawes. God gee wat Hy as goed vir ons ag. Onthou daarom, u wat so kla u gebed word nie verhoor nie. Dis nie vir u en my om uit te maak wat vir ons goed is nie. Dis God wat bepaal wat vir ons goed is. Die Here gee dit soms heeltemal anders as wat ons dit wil hê. Het die Here nie miskien al lankal u gebed verhoor — net op 'n ander veel heerliker wyse as wat u dit begeer nie?

## **GEBED EN VADER-KIND-VERHOUDING**

In die derde plek wil ek hê u moet oplet hoe pertinent die woorde 'Vader' en 'kind' in ons teksverse voorkom. As ons God in die gebed nader, moet ons nooit in die gestalte van die Fariseër kom wat al sy goeie werke vir God opnoem, sodat God hom moet beloon nie. Nee, ons moet in die gestalte van 'n kind na God toe kom: nederig, diep afhanklik, swak. As ek nie kry wat ek in die gebed vra nie, moet ek ernstig afvra: Bid ek as 'n kind wat net pleit op vrye genade, of bid ek as 'n Fariseër wat verwag God **moet** dit vir my gee?

## **KLOP AAN DIE DEUR**

Tussen God en mens is daar 'n deur. Dit kan nie anders nie — God is heilig en die mens is sondaar. Daar moet 'n deur wees.

Moenie vir die deur tussen u en God vrees nie. Dit is nie 'n muur nie, dit is 'n deur. En daardie deur is Jesus Christus. Hy het gesê: "Ek is die deur. As iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind." (Joh. 10:9).

As u aan die deur Jesus Christus klop: in die geloof, in die gebed, met belydenis dat Hy vir *u* aan die kruishout gesterf het — moenie twyfel aan die verhoring van u gebed nie. God **sal** hoor, op sy heilige wyse, op sy Goddelike tyd.

**Chris J. Malan**

# DIE LYDE VAN JESUS CHRISTUS

(volgens die Heidelbergse Kategismus)

## 37. VRAAG:

Wat verstaan jy onder die woordjie: **gely**?

## ANTWOORD:

Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het, sodat Hy met Sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos, en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.

## 38. VRAAG:

Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

## ANTWOORD:

Om ons, deurdadig dat Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan.

## 39. VRAAG:

Sit daar iets meer in dat Hy gekruisig is as dat Hy 'n ander dood sou gesterf het?

## ANTWOORD:

Ja: want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, aangesien die kruisdood deur God vervloek is.

## 40. VRAAG:

Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?

## ANTWOORD:

Omdat, weens geregtigheid en waarheid van God, nie anders vir ons sondes betaal kon word as deur die dood van die Seun van God nie.

## 41. VRAAG:

Waarom is Hy begrawe?

## ANTWOORD:

Om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterf het.

## 42. VRAAG:

As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dat ons ook moet sterwe?

## ANTWOORD:

Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.

## 43. VRAAG:

Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?

## ANTWOORD:

Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bese lyste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as

offerande van dankbaarheid kan toewy.

**44. VRAAG:**

Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?

**ANTWOORD:**

Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus, deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.